

Dagsê Alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Terloops, ek het 'n advertensie gekry van 1875 waar daar verwys word na die hoek van Bloed- en Antonijstraat. Dis is natuurlik Kockstraat [Bosmanstraat] wat eers Antonie Kockstraat was.

Vandag iets meer oor die beleg van 1880/81. Hieronder is die suid-westelike kwart van die kaart van Pretoria wat die Engelse in 1879 geteken het. Die kaart is onderstebo geteken d.w.s noord is aan die onderkant nie nie bo soos dit gewoonlik is nie. Ek het die kaart omgedraai daarom is die skrif alles onderstebo. Kyk net al die kortpaadjies wat deur die straatblokke geloop het.

In Desember 1880 was die plan om rondom Kerkplein verskansingswalle op te rig, met die kerk self as 'n soort fort. Daar is in werklikheid al gegrave en sommige geboue is met sandsakke versterk. Maar van die plan is baie gou afgesien. In plek daarvan word die ganse burger- en militêre bevolking saamgehok in 'n paar versterkte laers. Die burgerlike bevolking is in drie laers gehuisves nl. Die Militêre laer, Siviele laer en die Tronk laer. Daar word geraam dat die bevolking van Pretoria op daardie tydstip 3,700 siviele persone was [975 mans, 676 vroue, 718 kinders en 1,331 bediendes]. Dit was 'n groot onderneming om al die persone daagliks van kos en water te voorsien.



### Militêre Laer

Onder in die middel van die kaart sien ons die militêre Barakke. Vier van die geboue is ontruim en skoongemaak vir vroue en kinders. Die hutte was 150 voet lank en 15 voet breed met 8 voet hoe klipmure en 'n grasdak. Elke hut is deur 'n muur in twee verdeel en

het twee deure en vier vensters gehad, sonder ruite met slegs hortjies om wind en reën te keer. Behalwe die vier hutte was hier ook vier tente vir die res van die vroue en kinders.

### Siviele Laer [ook genoem die Wa Laer]

Dit was 'n groot kamp wat bestaan het uit waens en tente. Volgens Kotze was dit ongeveer 300 of 400 jaarts ten weste van die militêre kamp. Hier was baie van die getroude mans en hul families gehuisves.

### Tronk Laer [ook genoem Convent Laager]

Die gebied tussen die tronk [hoek van Bosman- en Visagiestraat] en die Loretto Konvent [hoek van Bosman-en Skinnerstraat] is verskans met 'n muur van sandsakke en grond. Die Loretto Konvent self is natuurlik deur Brite as gebruik en het bekend gestaan as die "Convent Redoubt". Sarah Heckfort beskryf dit baie mooi: "The Convent's main building was one of the few two-storeyed structures and as it stood on a rise on the western side of the town it commanded a good view of it. The unfortunate nuns were ousted and left with only their small chappel. The main building was sandbagged, loop-holed en manned by the Pretoria Rifles."

Eendag sal ek meer breedvoerig skryf oor die lewe in die kampe. Tydens die beleg het Charles Du Val 'n koerant uitgegee – The News of the Camp. Ek is besig om te probeer om 'n afdruk [mikrofilm] van die koerant te koop. Ongelukkig word die meesterkopie in Kaapstad geberg. Die bekende Switserse fotograaf H.F. Gros was in daardie tyd in Pretoria werkzaam en het baie fotos geneem. In my elektronies fotoversameling is daar 'n hele paar van sy fotos. Dit behoort ongelooflik interessant te wees om Gros se kampfotos te ontleed en daaroor te skryf.



Hier is een van die fotos. Soos al die fotos van die tydperk is nie 'n "werklike" foto nie maar wel 'n geposeerde een. Al die mense moes vir 'n tyd lank hul posisies hou. Enige beweging maak 'n dowie kol op die foto. As die foto vergroot word is dit moontlik om baie van die gebuiksartikels van die manne te identifiseer.

Nog een en ander oor die kaart.

### Drie kerke in kerkstraat

Die drie kerke wat op die kaart aangedui is is:

1. Heel links is die eerste Gereformeerde kerk. Op 'n vergadering van die kerkraad op 24 Januarie 1863 is besluit om die Volksraad te vra vir die skenking van "een welgelegen stuk grond ..... voor het bouwen van eene kerk...." Die kerk wat ons vandag ken as Oom Paul se kerk is die tweede kerk wat op die terrein gebou is en is in 1897 ingewy..
2. Die volgende kerk op die kaart is die eerste St. Albans kerk en is in 1872 gebou. In 1878 is die hoeksteen van die nuwe kerk in Schoemanstraat deur Sir Theophilus Shepstone gelê. Die Schoemanstraat kerk is laat in 1879 voltooi.
3. Die kerk op Kerkplein is natuurlik die eerste kerk wat in 1857 ingewy is en in 1882 afgebrand het.

### Kruger Huis.

Aan die noodekant van Kerkstraat reg oorkant die Gereformeerde Kerk is die plek waar Krugerhuis vandag staan. Volgens die kaart was daar in 1879 nog geen gebou op die terrein opgerig nie, maar hoe akuraat die kaart is weet ek ongelukkig nie. Dit word egter deur meeste navorsers aanvaar dat Paul Kruger toe reeds daar 'n huis gehad het. Die huidige Krugerhuis is natuurlik nie eerste huis wat Paul Kruger in Pretoria besit het nie.

Volgens 'n artikel in die Pretorian van Junie 1980 het Paul Kruger in 1868 uit die boedel van Lucas Bronkhorst 'n erf net oos van die huidige Krugerhuis gekoop vir 12 pond. Hy het dit tot 1875, toe hy dit vir 16 pond verkoop het, besit en dit is byna seker dat daar toe 'n huis op was wat moontlik deur Kruger by wyle bewoon kon gewees het. Sprekende van 12 erwe hierdie kant van die straat wat eers in besit was van M.W. Pretorius, skryf die eerste landdros van Pretoria, Andries du Toit, in 'n brief op 6 Maart 1875 hoedat Pretorius in 1868 aan Lucas Bronkhorst in ruil vir ander grond 12 erwe gegee het "gelegen voor Postmas Kerk, de blok waar Heer Krugers gebouw op staat;" Volgens die brief moes Kruger dus 'n woonhuis gehad het net ten ooste van die huidige Krugerhuis en dit is na alle waarskynlikheid die huis wat Potgieter in 1868 vir hom gebou het. Hy het dit in 1875 aan Moritz Diedrich verkoop en dit het in 1888 in besit gekom van Ignatius Ferreira.

Op 16 November 1881 het Paul Kruger nog twee van die oorspronklike Bronkhorst-erwe gekoop: no 307 op die hoek van Kerk- en Potgieterstraat en no. 307 waar Krugerhuis vandag staan. Tot 1884 woon hy in die huis wat op die hoekstaan [dit was dus die tweede Krugerhuis]. In 1888 het dit die eiendom geword van sy skoonsuen Frikkie Eloff wat daar gewoon het tot hy later op Eloffsdal gaan bly het.

Paul Kruger het later die huidige Kruger huis laat bou en het in 1884 daar ingeterk [derde Krugerhuis].

Dit is tog so jammer dat daar in daardie jare nie meer fotos geneem was nie. Vandag maak ons egter ook so – wie neem nou strate en huise af, ons stel net belang in mense en gebeure.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel